Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## 25 Augustus 2024
## Vandag

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens (Doop)**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Teks:** Genesis 17: 1, 5,15 (1983 vertaling)<br>**Tema:** God gee jou 'n nuwe naam – leef 'n nuwe lewe, volgens jou naam!<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges)**<br>**Aanbieder:** Marica<br>**Tema:** Elisa en die weduwee<br><br>**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Christine Rossouw<br>**Tema:** Gebed (Matteus 6: 5-15)<br><br>**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Christine Rossouw<br>**Tema:** Gebed (Matteus 6: 5-15)<br><br>**10:00 TvC (Gr 8 -10) – Kerk**<br>**Tema:** Vyf bakens van ons geloof: Jesus (Ons identiteit in Jesus) - Lukas 19:1-10<br><br>**10:00 Belydenisklas (Gr 11) – Kerk**<br>**Aanbieder:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Tema:** Heidelbergse Kategismus | **DIE KOMENDE WEEK…**<br>**Dinsdag 27 Augustus**<br>**18:00** Sothokursus - Kleinkerk<br>**Woensdag 28 Augustus**<br>**09:00** Bybelstudie (ds Leon) – Kleinkerk<br>**18:00** Mannegroep – Lokaal 2<br>**Donderdag 29 Augustus**<br>**09:00** Bybelstudie (ds Riaan) – Kleinkerk<br>**14:00** Huishulpe Naaldwerk – Lokaal 1&2<br><br>**Sondag 1 September 2024**<br>**09:00 Erediens (Doop)**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00** Kleuterkerk – Lokaal 2<br>**09:00** Kinderkerk – Kleinkerk<br>**10:00** JOG – Kleinkerk<br>**10:00** TvC – Kerkgebou<br>**10:00** Belydenisklas – Lokaal 1<br><br>**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: Lesotho** |




*Mikhail Hanré Moorcroft*, seun van Nicholas en Nicoleen Moorcroft, Peet van der Merwe straat.

## Lief en Leed

Susan Rabe, Dardanelle, het 'n operasie ondergaan.
Koos en Nellie Janse van Rensburg, Elbra, se skoonseun, Henk, is oorlede.

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Wessel Wessels, Kleinbosch, verjaar 1 September (84)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

## LIDMAATSKAP BEWYSE ONTVANG

**Belydende lidmate:** Marina Dorathea Janse van Rensburg (nou Steyn) en Andrea Steyn, Barend Wessels vanaf Fauna.

## OPERATEURS

Ons benodig vrywilligers om aan te sluit as operateurs om te help met klank, projektor en uitsendings. Jy hoef geen opleiding te hê, opleiding sal verskaf word.
**Navrae of om aan te meld**:- Operateurs

## PENNEPROJEK

Indien daar nog 'n koevertjie by jou huis is wat nog moet kerk toe kom, bring dit asseblief teen Sondag 25 Augustus saam. Ons wil graag teen **31 Augustus** die fondse aan ENGO oorbetaal.

## GEMEENTE RETREAT TE MENUHA 13 – 15 SEPTEMBER

Hierdie gewilde Retreate word aangebied deur ds Riaan Stander. Prof Jan-Albert van den Berg gaan ook 'n deel van die naweek se program aanbied.
**TEMA: OM MET OOTMOED VOOR GOD TE LEWE**
Koste R750 pp wat deel en R850 vir 'n enkel kamer. Besprekings en betalings moet teen **Woensdag 4 September** by die kerkkantoor gedoen word.

## MANNE GROEP

Dis lekker om dinge saam met jou vrou te doen. Maar soms wil manne ook net bietjie met mekaar saam kuier en ook dieper geestelike dinge bespreek. Daarom het ons 'n Omgee-groep vir Manne, wat op 'n Woensdagaand om 18:00 saamkom, by die Gemeentesentrum. As jy graag wil inskakel, gee jou naam by die Kerkkantoor op.

## KERSSANGDIENS 17 NOVEMBER

Langenhovenpark se Kerssangdiens en verjaarsdagvieringe vind plaas op Sondag 17 November. As jy kan noot hou, kom deel jou talent en word deel van die sanggroep wat gaan optree tydens hierdie geleentheid.

Enige persoon wat 'n instrument kan speel, rondom Gr 4 vlak, asook kitare is welkom om ook aan te meld. Kontak vir Esther by 0827727992.



## PANNEKOEK VERKOPE

**Saterdag 31 Augustus** kry ons gemeente weer geleentheid om pannekoek te verkoop by Pick 'n Pay Towers.
Kom koop lekker varsgebakte pannekoek @ R5.
Fondse is ten bate van die noodspens.

# AKSIE AFGETREDENES

## DINSDAG 3 SEPTEMBER 10:00 KLEINKERK

Een van ons projekte is om kombersies vir Choc Child Foundation te hekel / brei

Aangesien September kinder-kanker maand is, sal Suret van Zyl ons meer kom vertel van die werksaamhede van Choc foundation, en sal ons die baie kombersies wat gemaak is oorhandig

Daarna is dit ons jaarlikse PRETDAG, waar ons lekker lag en ontspan, koek eet en tee drink

Lede en nie-lede is baie welkom!

Kom geniet die dag saam met ons




**Toegang tot Kerkterrein Sondae**

**Hek in Boerneefstraat** - skakel 065 964 010 vir toegang of as u gedurende die diens die terrein moet verlaat.
Indien u in 'n beroep is wat vereis dat u gereeld, gedurende 'n erediens, die terrein moet verlaat, kontak die Kerkkantoor om u selfoonnommer op 'n stelsel te laai sodat u self die hek kan oopmaak om die terrein te verlaat.

# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**

Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks 'n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand vir Jolene Muller opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons 'n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**

U kan u dankoffer in 'n koevert plaas, gemerk "Dankoffer" en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**

U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**

SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

Snap here to pay

SnapScan